Regter Steven Majiedt en waarnemende Regter Rogers het Regter Navsa deurlopend ondersteun in sy strydende kritiek op Georgiou/Orthotouch. Regter Nigel Willis het verklaar dat die appèl-aansoek 'n poging deur Georgiou was om die klas-aksie te ontspoor.

Al vyf Regters het dit baie duidelik gemaak dat dit 'n doelbewuste skema was om die klas-aksie te stop.

Regter Navsa het Georgiou en Orthotouch se regsverteenvoerders versoek om instruksies te kry by hul kliënte aangaande hul voorneme om met die appèlle voort te gaan.

Die hof het toe verdaag vir 'n teebreek waarna beide Georgiou en Orthotouch die handdoek ingegooi het en die vier appèlle, twee in die hooggeregshof van Pretoria teruggetrek het - een teen die herinstelling van die sertifisering van die klas-aksie en die ander teen die vervanging van die HSAG applikante en twee in die hooggeregshof van Johannesburg teruggetrek het - een teen die tersydestelling van die Orthotouch S155 Reëlinskema en die ander teen die vervanging van die HSAG-applikante in daardie saak. Georgiou en Orthotouch het ook die koste vir die appèlle aangebied.

Die HSAG regsman het egter geweier om 'n gewone kostebevel te aanvaar en het 'n sterk saak uitgemaak dat 'n bestraffende koste-bevel ten gunste van die HSAG-klas-aksie toegestaan moet word. Dit was op grond van die onetiese optrede en growwe misbruik van die hofproses en omdat Georgiou / Orthotouch doelbewus saamgespan

het om die klas-aksie te ontspoor en in die proses die sertifiserings- en tersydestellingsaansoek met 18 maande vertraag het.

Die appèlle is daarna teruggetrek en die uitspraak ten opsigte van koste, is gereserveer.

Enkele minute nadat die hof verdaag het, het Georgiou en Orthotouch se regspan, saam met die regspan van die HSAG, die Regters in kamers genader waar hul die tender van bestraffende kostes (prokureur- en- kliënt skaal) 'n bevel van die hof gemaak is.

Die feit dat die Appellante die Appèlle teruggetrek het, sluit ook die deur vir Georgiou / Orthotouch om die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika te nader.

Hierdie spesifieke Hofsaak van 8 Mei 2018, verteenwoordig nog 'n groot oorwinning vir die HSAG. Dit is algeheel ongehoord dat 'n appellant 'n appèl terugtrek en dan daarmee saam prokureur-kliënt-kostes tender.

Die HSAG-regspan wil vir elke belegger wat die HSAG tot dusver ondersteun het bedank vir hul lojale en voortgesette ondersteuning, daarsonder sou ons nie die Appèlle suksesvol kon afhandel nie.

Die wiel van geregtigheid draai stadig, maar seker! Die onlangse gebeure is verseker 'n aanduiding van die goeie meriete van die HSAG se saak.

Daar lê egter nog baie werk vir die HSAG en hul regspan voor, maar soos met die Appèlle, sal geregtigheid geskied.

In hierdie maand se Nuusbrief kan u onder andere lees oor die huidige stand van litigasie, asook die HSBF, onder die hand van Mnr. Helgard Hancke, se “gryp na strooihalms”-reaksie op die HSAG se oorwinning. Ons bespreek ook die rede vir die tersydestelling van die Art 155-reëlinskema en wys die kommerwekkende feite uit rondom die Reëlinskema.

2. VANUIT DIE MEDIA

Verslaggewers van die Volksblad was ten tye van die Hofverrigtinge op 8 Mei 2018 teenwoordig in die Hof waarna daar volledig berig is oor die gebeure rondom die Appèlle.

Ons wil u graag uitnoui om die onlangse mediaberigte, wat onder andere in Rapport (“Groepsgeeding van Highveld-beleggers op dreef” – 13 Mei 2018), Volksblad (“Georgiou gooi handdoek in” en “Beleggers vertel van hul ellende” – 9 Maart 2018) en Beeld (“Magnaat blaas aftog” – 9 Mei 2018) verskyn het, deur te lees.

Afskrifte van die koerantberigte asook die klankgreep van die radio-onderhoud op RSG-geldsake verskyn op die HSAG se amptelike webblad by http://hsaction.co.za/?page_id=13.

In teenstelling met wat die HSBF verkondig, was hierdie berigte uit eie beweging gepubliseer en nie op aandrang van die HSAG se prokureurs nie.

3. ORTHOTOUCH EN HSBF SE REAKSIE OP DIE HSAG SE SUKSES

Helgard Hancke se HSBF probeer naorstigtelik om HSAG beleggers te oortuig om “ooreenkomste” met Georgiou/Orthotouch af te sluit. Dit volg kort na die Appèlhof se onlangse gebeure wat die finale effek het van die twee Hofbevele wat behels het dat Georgiou/Orthotouch oneties opgetree en die hofproses misbruik het.

Orthotouch is tans besig om sy eie Artikel 155 Reëlinskema, wat dit selfs ‘n bevel gemaak het, te minag en onderskat hulle duidelik die HSAG beleggers deur nou te poog om nuwe ooreenkomste af te sluit, en self ‘n petisie te loots ten einde die suksesvolle Hofsaak van die HSAG af te staan.

Wie sal met sulke onetiese partye (of hul agente) wil besigheid doen en boonop al hul regte wegteken?

Twee Howe het bevind dat mnr Georgiou en Orthotouch oneties opgetree het en die Hofproses misbruik het deur Appèl aan te teken en dit op die dag waarop die Appèlle geargumenteer moet word, terug te trek.

Hancke, deur die HSBF en Orthotouch het, soos gewoonlik, weer selfs onwaarhede op sosiale media versprei ten aansien van die gebeure by die Appèlhof nadat mnr Nic Georgiou/Orthotouch die Appèlle teen die gunstige uitsprake, van beide Regters Murphy en Ismail, teruggetrek het. Die HSAG en die Registrateur van die Hoogste Hof van Appèl het die gemelde valse bewerings weerlê.

Hancke het op ‘n vorige geleentheid op dieselfde lafhartige wyse opgetree toe hy in 2017 wou toetree as ‘n party tot die HSAG se litigasie, maar ter elfder ure sy Aansoek teruggetrek en kostes aangebied het. Mnr Hancke moes persoonlik ‘n stewige bydrae tot die HSAG se kostes gemaak het.

Dit was uiteraard nie vir die HSAG of die beleggers ‘n verrassing nie, aangesien die HSBF se korrespondensie en uitlatings op sosiale media ‘n duidelike patroon het: sodra die HSAG suksesvol is met litigasie of sodra die waarheid te warm raak vir Hancke se prinsipaal, word daar ‘n smeerveltog van stapel gestuur ten einde die HSAG, HSAG-bestuur en die HSAG se prokureurs te diskrediteer.

As die smeerveltog nie werk nie, word daar ‘n klomp onwaarhede deur hom en Elna Visagie versprei rondom die verloop van sake en die huidige stand van litigasie. Die

HSBF gaan selfs so ver as om op bejaarde beleggers se emosies te sinspeel deur hulle te dreig met onder andere die stellings dat “Indien Theron voortgaan met aansoek om artikel 155 reëlinskema ter syde te stel sal dit uit die aard van die saak geopponeer word wat moontlik ook weer jare se litigasie kan meebring waarvoor die reeds verarmde HSAG lede ook sal moet opdok” en “Indien daar met litigasie vir tersydestelling van skema voortgegaan word kan rente betalings ingevolge die reëlinskema stop, wat beslis sal gebeur as Theron slaag om die reëlinskema wel tersyde te stel”.

Die vrae wat beleggers hulself en die HSBF moet afvra is:

- Hoekom sal daar ‘n tekort wees aan fondse as Nic Georgiou R4.6 miljard se kapitaal ontvang het, waarvan R3.2 miljard ontvang is sonder dat hy ‘n enkele eiendom oorgedra het? Dit sal tog sekerlik neerkom op diefstal as hy ophou met betalings?
- Waarom moet beleggers tevrede wees met net 2% rente, wat na ‘n gesoebat en gesmeek, aan beleggers gereeld laat betaal word?
- Waarom moet die Art 155-reëlinskema in plek gehou word terwyl dit bepaal dat sekere sleutelfigure soos Georgiou, sy familie, entiteite en direkteure van Orthotouch kwyteskel word van persoonlike aanspreeklikheid?
- Waarom dreig die HSBF dat sodra die Art 155-reëlinskema tersyde gestel word die 2% rente gaan stop, maar noem nie dat die Besigheidsreddingsplan dan weer in werking tree in terme waarvan Orthotouch verplig is op 6% rente aan beleggers te betaal nie?
- Die HSBF versprei vals gerugte oor die sogenaamde “miljoende rande se fooie” wat die prokureurs van die HSAG tot dusvêr gekry het. Waarom het die HSBF (wat vir die beleggers optree) nog nie een keer vir mnr Georgiou/Orthotouch gevra waar die R4.6 miljard kapitaal is wat die HS-maatskappye aan Georgiou betaal het nie?
- Waarom word die HSAG-prokureurs uitgemaak as diegene wat bejaarde beleggers se geld neem, maar die HSBF sê nie ‘n woord oor die etlike miljoene rande wat al aan Hancke, Elna Visagie, Herman Lombaard en andere betaal is nie? Teen R100 000.00 per maand het Visagie en Lombaard al meer as R7 miljoen ontvang en teen R70 000.00 per maand sal Hancke reeds bykans R1.3 miljoen ontvang het!
- Vanwaar kom die miljoende rande wat aan die bogenoemde marionette betaal word? Kom dit uit die R4.8 miljard wat beleggers destyd belê het?

Die HSBF loods voortdurende persoonlike aanvalle teen die HSAG (met die hoop om beleggers te ontmoedig om voort te gaan met litigasie) sonder om ‘n daadwerklike alternatief, behalwe vir die skikking direk met Orthotouch, vir die beleggers aan te bied.

Die realiteit is, dat nie mnr Georgiou/Orthotouch skikkingsooreenkoms eerbiedig nie. ‘n Skikkingsooreenkoms word gewoonlik bereik, en wanneer Georgiou/Orthotouch moet presteer, word ander rolspelers of die litigasieproses geblameer vir die nie-prestasie.

Die mees onlangse voorbeeld daarvan is die 50% / 55% skikking wat mnr Helgard Hancke namens Georgiou/Orthotouch vir beleggers beding het. Tot dusvêr was dit 'n leë belofte. Die verskoning wat weereens aangebied word: die HSAG se "voortdurende litigasie". Georgiou kom nie sy ooreenkomste na nie en is litigasie tans die enigste manier om beleggers se geld terug te kry.

Beleggers moet asseblief uiters versigtig wees vir die HSBF se vals berigte en uitlatings op sosiale media.

Orthotouch se persverklaring was ook deurtrek met onwaarhede en misleidende stellings. Dit was natuurlik uitgewys deur die HSAG se prokureurs. 'n Afskrif van die HSAG se antwoord op die Orthotouch persverklaring is op die webblad by <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2018/05/HSAG-REPLY-.pdf>.

Orthotouch het onder andere die geloofwaardigheid van die Hoogste Hof van Appèl asook die vyf ervare Regters in twyfel getrek en as te ware hul as leunaars uit te maak deur te beweer dat hul regsplan nie 'n billike en regverdige verhoor gehad het nie. Dit was egter nie vir die HSAG nodig om te veel daaroor uit te brei nie aangesien die Registrateur van die Appèlhof skriftelik bevestig het wat die ware toedrag van sake is en dat Georgiou/Orthotouch beleggers mislei het, terwyl hulle inderdaad 'n billike verhoor gehad het.

Dit is 'n skreiende skande dat Orthotouch die vermetelheid het om te beweer die Hoogste Hof van Appèl nie billik en regverdig is nie, dit terwyl twee van sy direkteure toegelate prokureurs is, en as sulks beampptes van die Hof is!

Die HSAG, wie as u verteenwoordigers en spreekbuis optree, het 'n amptelike webblad en amptelike WhatsApp-groepe waar feite oor die ware toedrag van sake weergegee word.

4. HOEKOM MOET DIE HSAG DIE REËLINGSKEMA TERSYDESTEL?

Gedurende Maart 2015, het die HSAG 'n aansoek in die Johannesburg Hooggeregshof uitgereik vir die tersydestelling van, alternatiewelik Appèl teen, die sanksionering van die sogenaamde Orthotouch Artikel 155-Reëlinskema.

Hierdie Aansoek was gebring weens verskeie gronde, onder andere:

- Dat die beleggers nie krediteure van Orthotouch is, soos beoog in Artikel 155 van die Maatskappywet 71 van 2008 (die "Wet"), nie;
- Dat Artikel 155 nie voorsiening maak vir die skikking van eise teen Direkteure van 'n maatskappy nie (die HS Beleggers spreek die direkteure persoonlik aan in die voornemende klas-aksie);
- Dat die aansoek om sanksionering in die verkeerde afdeling van die Hooggeregshof gebring was (naamlik in Johannesburg, terwyl die Reëlinskema dokument spesifiek verwys na die Hooggeregshof in Pretoria);

- Dat 'n groot aantal beleggers nie kennis van die vergadering op 12 November 2014 ontvang het nie; en
- Dat Orthotouch onder 'n verpligting gestaan het om sekere wesenlike inligting (bv. die aansoek vir die sertifisering van die Highveld Sindikasie klas-aksie), wat die Hof se uiteindelijke besluit aansienlik kon beïnvloed, onder die aandag van sy Edele Regter Moshidi te bring, maar dit nie gedoen het nie.

Die eensydige Hofbevel was verdermeer agteraf en sonder enige kennis deur Orthotouch verkry, sonder die medewete van enige HS-belegger of hul regsverteenvoerders, Theron & Vennote.

Orthotouch het die Hooggeregshof in Johannesburg genader om die reëlinskema deur die Hof te laat sanksioneer, welke bevel verreikende gevolge op belanghebbende partye het.

Orthotouch beweer in hul hofstukke dat daar 'n skikking bereik is tussen hulle, hul handelskrediteure én die Highveld Sindikasie beleggers deur middel van 'n "reëlinskema", soos beoog in Artikel 155 van die Maatskappywet (71/2008). Daar word ook beweer dat die Reëlinskema tydens die vergadering op 12 November 2014 in Centurion deur die beleggers goedgekeur is deur middel van die uitbring van stemme ten gunste van een van drie alternatiewe, soos vervat in die 108 bladsye reëlinskema dokument.

Volgens beleggers wie teenwoordig was op die vergadering het hulle beswaar gemaak teen die vergadering en versoek dat dit uitgestel word, onder andere weens 'n gebrek aan behoorlike kennisgewing aan die beleggers, wat deur die Voorsitter, Mnr. Derek Cohen, geïgnoreer was.

Artikel 155 van die Wet maak voorsiening vir 'n kompromie/ "skikking" (reëlinskema) tussen 'n maatskappy en sy krediteure. Die krediteure aanvaar daarmee gewoonlik betaling van slegs 'n gedeelte van die maatskappy se skuld aan hulle, aangesien dit gereken word om voordeliger vir hulle te wees as, byvoorbeeld, die likwidasië van die maatskappy.

Artikel 155(7) maak ook voorsiening dat, indien 75% van die uitgebragte stemme van krediteure ten gunste van die skikking was, die maatskappy die hof kan nader om die skikking te sanksioneer (deur middel van 'n hofbevel).

As die hof die skikking sanksioneer, is die skikking ook bindend op daardie krediteure wat NIE ten gunste van die skikking gestem het nie.

Die Reëlinskema wat Orthotouch laat sanksioneer het gaan egter – teenstrydig met Artikel 155 van die Wet – baie verder as om bloot die verhouding tussen Orthotouch en sy krediteure te reël/skik. Dit poog ook om verskeie ander verhoudings te skik, naamlik alle eise wat beleggers mag hê teen die Highveld Sindikasie direkteure (wat betrokke was by die Highveld / Pickvest beleggings-skema) persoonlik en Mnr. Nic Georgiou, asook sy seuns en familietrust, wat die onderwerp vorm van die beoogde klas-aksies. Dus poog Orthotouch (waarvan Mnr. Nic Georgiou die enigste

Uitvoerende Besturende Direkteur is) om ook met die Reëlinskema die voornemende klas-aksies te skik op die basis dat die eise “nie meer bestaan nie”!

Dit is die HSAG se saak dat die beleggers in die Highveld maatskappye nie krediteure van Orthotouch is nie, en kan Artikel 155 dus nie van toepassing kan wees op individuele HS-beleggers nie. Artikel 155(7), oftewel die hofbevel, kan dus ook nie beleggers bind nie, of ten minste nie diegene wat nie ten gunste van die skikking gestem het nie.

Nieteenstaande die saak dat die Reëlinskema in verskeie opsigte gebrekkig is en die hofbevel nooit toegestaan moes word nie, is dit so dat die Reëlinskema op die oog af voorgee om die klas-aksie in die wiede te ry.

Dit is dus raadsaam om dieselfde hof te nader vir die tersydestelling van die hof se sanksionering daarvan insoverre dit geïnterpreteer kan word om bindend te wees op individuele beleggers. Beleggers wil nie onnodig die risiko loop dat daar later deur hul regsplan geargumenteer moet word dat die hofbevel nie beleggers bind nie. Hulle wil nou reeds alle onduidelikheid uit die weg ruim en die hof nader vir tersydestelling.

5. WAT SAL DIE POSISIE WEES MET BETREKKING TOT RENTEBETALINGS DEUR ORTHOTOUCH, SOU DIE REËLINGSKEMA TERSYDESGESTEL WORD DEUR DIE HOOGGEREGSHOF?

Wanneer die Reëlinskema tersydegestel word sal die *status quo* ante herleef (vorige posisie), dit wil sê die Highveld Sindikasie Maatskappye sal terugkeer na 'n staat van Besigheidsredding.

Die Besigheidsreddings-proses is nooit opgehef nie, maar is bloot ondervang deur die Reëlinskema. Dus, met die tersydestelling van die Reëlinskema sal die Besigheidsreddings-praktisyn (weer) 'n plig hê om nakoming van die Besigheidsreddingsplan af te dwing.

Die HSAG se regsplan is in daardie proses steeds die beleggers se regsverteenwoordigers en sal, uit die aard van die saak, seker maak dat die HSAG-lede se belange beskerm word.

Dit is egter nie 'n vereiste vir afdwingbaarheid dat die Besigheidsreddingsplan 'n hofbevel moet wees nie – dit word deur die reg afdwing en deur wetgewing beheer.

In neutedop: Solank die Reëlinskema nie tersydegestel word nie, sal Orthotouch daaronder verplig wees om aan te hou rente betaal in terme van die bestaande Hofbevel wat die Reëlinskema sanksioneer. In die geval wat die Reëlinskema wel tersydegestel word, sal rentebetaling gereël word deur die Besigheidsreddingsplan.

Georgiou sit met R4.6 miljard van die beleggers se geld en kan hy en sy Orthotouch beslis nie sommer net ophou betaal nie!

6. DEBIETORDERFASILITEIT

Die debietorder-vorms word aan alle HSAG-beleggers gestuur wat skriftelik aangedui het dat hulle by wyse van debietorder wil betaal.

Indien u kwalifiseer vir 'n maandelikse debietorder, moet u asseblief so spoedig moontlik na hsagdebitorder@gmail.com u volle naam, van en identiteitsnommer stuur.

Na ontvangs van genoegsame aansoeke, sal die HSAG dokumentasie aan u stuur wat u sorgvuldig moet invul en terugstuur per kerende e-pos, ten einde die HSAG in staat te stel om u debietorder-fasiliteit te aktiveer.

Diegene wat kwalifiseer sal persoonlik verwittig word wanneer die debietorder stelsel in werking sal tree.

7. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Daar is steeds beleggers wat verkeerde e-pos adresse gebruik wanneer versoeke/navrae aan die HSAG-prokureurs gestuur word.

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.)) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir alle Algemene Navrae;
- hsagenquiries@gmail.com vir Spesifieke Navrae;
- hsagregister@gmail.com vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagdebitorder@gmail.com vir beleggers wat hul bydraes by wyse van debietorder wil betaal.

Besoek ook gerus ons webtuiste onder FAQ/VGV vir algemene vrae.

8. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Sluit gerus aan by die HSAG se amptelike Whatsapp-groepe om nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te ontvang.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na hsactiongroup@gmail.com waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig, ge-“like” en kommentaar op gelewer word.

9. 2018 HSAG-BLOEMFONTEIN INLIGTINGSESSIE

Die Bloemfontein Inligtingsessie was uiters suksesvol gewees en die HSAG-bestuur wil graag vir elke belegger wat die moeite gedoen het om dit op 9 Mei 2018 by te woon, bedank.

Die terugvroeër wat ons ontvang het na die Inligtingsessie, was oorweldigend positief en sal daar in die toekoms soortgelyke Inligtingsessies gehou word in ander provinsies/streke. Ten einde kostes te bespaar sal sodanige sessies gehou word op datums wat ooreenstem met belangrike HSAG-datums (bv. Hofdae in die omgewing) en die gebruik dat die HSAG-bestuur die dag voorafgaande 'n Hofsaak vir die Finansiële Adviseurs vergader en die dag daarna met die HSAG-lede.

Hou gerus ons webblad dop vir inligting met betrekking tot 2018 HSAG Inligtingsessies in u provinsie/streek.

10. DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

Soos vroeër berig, was beide Appèlle op 8 Mei 2018 aangehoor.

Mnr Georgiou/Orthotouch het hul Appèlle teen die gunstige uitsprake van beide Regters Murphy en Ismail teruggetrek. In die Appèlle moes die Hoogste Hof van Appèl die belangrike regspraak oorweeg of 'n Nominale Applikant (dus 'n belegger wat slegs 'n “plekhouer” is, en wie duisende ander beleggers verteenwoordig) in 'n klasaksie uit eie beweging sodanige aansoek om 'n klas-aksie te sertifiseer, asook die aansoek om Orthotouch se Reëlinskema tersyde te stel, kan terugtrek, oorweeg.

Met die Appèlle wat teruggetrek is, staan Regters Murphy en Ismail se beslissings en sal die HSAG nou onder meer die bevel van Regter Brian Spilg afdwing, waarvolgens Orthotouch en die sakereddingspraktisyn, mnr Hans Klopper, beveel is om 'n volledige

lys van alle bekende beleggers in die skema aan die HSAG se prokureurs te voorsien. Tot dusver het mnr Klopper en Orthotouch geweier om hul samewerking te gee en verkeer hulle in minagting van 'n Hofbevel. Indien nodig sal kostebevele teen hulle persoonlik aangevra word.

Sodra die HSAG hierdie lyste ontvang, sal die prokureurs van rekord voortgaan om die beleggers in kennis kan stel van die beoogde tersydestelling van die S155-reëlinskema.

11. LAAT- AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Laat-aansoeke word tot en met 30 Junie 2018 ontvang. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za, beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na hsagregister@gmail.com stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

12. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
2. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 per sindikasie was gehef tot Oktober 2015 en daarna is dit verhoog na R1 500 per sindikasie en behoort so op u staat te verskyn
3. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie;
4. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van **R2 000 per persoon** gemaak;
5. In Februarie 2018/Maart 2018 was 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van **R2 000 per persoon** gemaak;
6. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com
7. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:
 - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie

- b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op “Survey Monkey”, wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word, ten einde u inligting op datum te bring, of stuur vir ons ’n e-pos na hsagregister@gmail.com
8. Klik asseblief op die e-pos skakel aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die “Customer Zone” te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien;
 9. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op ’n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is;
 10. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende ’n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die “Customer Zone” sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word;
 11. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;
 12. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, mag daar ’n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig;
 13. Van die einde van Februarie 2018 word persone wie se bydraes op datum betaal is met ’n totale eiswaarde wat R50 000,00 of minder tesame met ’n skriftelike versoek aan Theron & Vennote, kwytgeskeld van die 2018 administratiewe- en regskostes.

NB: afstanddoening is nie van toepassing op vorige jare se registrasie / administrasie / regskostes en agterstallige fooie nie en is steeds betaalbaar.

LW: geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.

14. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvogtig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word;
15. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG Klas-aksie nie moontlik sou wees nie;
16. Indien u u ondersteuning en lidmaatskap van die HSAG wil staak, moet u 'n e-pos stuur na hsagregister@gmail.com stuur waarna die proses van onttrekking aan u verduidelik sal word. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.
17. U kan verseker staatmaak op die onverdeelde en lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes;

18. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com